

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Vrydag, 15 April 1966

WINDHOEK

Friday, 15th April, 1966

No. 2710

## INHOUD

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- No. R. 479 (Republiek) Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956: Regulasies . . . . .
- No. R. 484 (Republiek) Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956: Statistiese Inligting . . . . .

## CONTENTS

Bladsy/Page

### GOVERNMENT NOTICES:

- (Republic) Friendly Societies Act, 1956: Regulations . . . . . 1
- (Republic) Friendly Societies Act, 1956: Statistical Information . . . . . 17

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

C. F. MARAIS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

### DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. R. 479 (Republiek).] [25 Maart 1966.  
WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS, 1956.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewe-en-veertig* van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), soos gewysig, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 100 van 26 Januarie 1962 heroep en die volgende regulasies gemaak en die vorms uiteengesit in die Eerste Bylae en die gelde uiteengesit in die Tweede Bylae daarvan voorgeskryf:—

#### REGULASIES.

### WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS, 1956.

In hierdie regulasies beteken “die Wet” die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, en alle uitdrukkings wat hierin gebesig en in die Wet omskryf word, het dieselfde betekenis as wat in die Wet aan hulle geheg word.

#### DEEL I.

### WYSE WAAROP EN TYDPERK WAARBINNE APPELLE BY DIE MINISTER INGEVOLGE ARTIKEL *VIJF* VOORTGESIT MOET WORD.

1. Elke onderlinge hulpvereniging of persoon wat kragtens artikel *vier* (3) van die Wet by die Minister wil appelleer teen ’n beslissing van die Registrateur, moet binne een maand na die bekendmaking van die betrokke beslissing ’n skriftelike kennisgewing van appèl by die Registrateur indien wat duidelik die beslissing waarteen geappelleer wil word en die gronde vir die appèl moet uiteensit. Sodanige kennisgewing van appèl moet deur die hoofbeampte van die vereniging (indien die appèl op versoek van ’n onderlinge hulpvereniging aangeteken word) of, in die geval van ’n appèl deur ’n individu of vennootskap, deur die individu of deur een van die vennote, na gelang van die geval, of deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger onderteken wees. In die geval van ’n appèl deur enige persoon wat nie ’n natuurlike persoon is nie, moet die kennisgewing van appèl as volg namens sodanige persoon onderteken word, te wete—

- (a) indien sodanige persoon ’n komitee van individue is, deur die persoon wat asdan aan die hoof van die komitee is;

## GOVERNMENT NOTICES.

C. F. MARAIS,  
Secretary for South West Africa.

Administrator’s Office,  
Windhoek.

### DEPARTMENT OF FINANCE.

No. R. 479 (Republic).] [25 March 1966.  
FRIENDLY SOCIETIES ACT, 1956.

The State President has, under the powers vested in him by section *forty-seven* of the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956), as amended, repealed the regulations published under Government Notice No. R. 100, dated 26th January, 1962, and made the following regulations and prescribed the forms set out in the First Schedule and the fees set out in the Second Schedule thereto:—

#### REGULATIONS.

### FRIENDLY SOCIETIES ACT, 1956.

In these regulations “the Act” means the Friendly Societies Act, 1956, and all terms employed herein which have been defined in the Act shall bear the meanings assigned to them in the Act.

#### PART I.

### MANNER IN WHICH AND TIME WITHIN WHICH APPEALS TO THE MINISTER ARE TO BE PROSECUTED UNDER SECTION *FOUR*.

1. Every friendly society or person desiring to appeal to the Minister in terms of section *four* (3) of the Act from any decision of the Registrar, shall within one month after the pronouncement of the decision at issue, lodge a written notice of appeal with the Registrar, which shall clearly set out the decision it is desired to appeal against and the grounds for the appeal. Such notice of appeal shall be signed by the principal officer of the society (if the appeal is at the instance of a friendly society) or in the case of an appeal by an individual or partnership, by the individual or by one of the partners, as the case may be, or by his duly authorized representative. In the case of an appeal by any person who is not a natural person the notice of appeal shall be signed on behalf of such person as follows, that is to say—

- (a) if such a person is a committee of individuals, by the person for the time being at the head of the committee;

(b) indien sodanige persoon 'n vereniging van persone is, deur die individu wat asdan aan die hoof is van die raad van direkteure of ander komitee wat sodanige vereniging beheer.

2. By ontvangs van die kennisgewing van appèl in regulasie 1 genoem, moet die Registrateur 'n opgawe van die redes vir sy beslissing opstel. Die Registrateur moet 'n afskrif van die opgawe per geregistreerde pos aan die appellant stuur en die appellant versoek om binne 30 dae na afsending van die opgawe, of binne 'n verdere tydperk wat die Registrateur op aansoek vòòr die verstryking van genoemde 30 dae goedkeur, skriftelik te verklaar of hy van voorneme is om met sy appèl voort te gaan al dan nie.

3. Indien die appellant verklaar dat hy nie van voorneme is om met sy appèl voort te gaan nie of indien hy die Registrateur nie binne die tydperk in regulasie 2 voorgeskryf van 'n antwoord voorsien nie, verval die appèl.

4. Indien die appellant binne die tydperk in regulasie 2 voorgeskryf, verklaar dat hy van voorneme is om met sy appèl voort te gaan, moet hy tesame met sy verklaring 'n antwoord op die opgawe in regulasie 2 genoem, by die Registrateur indien.

5. By ontvangs van die appellant se verklaring en antwoord moet die Registrateur so gou doenlik aan die Minister die volgende deurstuur—

- (a) die kennisgewing van appèl in regulasie 1 genoem;
- (b) die opgawe deur hom opgestel en in regulasie 2 genoem;
- (c) die verklaring en antwoord in regulasie 4 genoem; en
- (d) alle ander dokumente wat ter sake is.

6. Die Minister kan die appellant of die Registrateur versoek om hom skriftelik te voorsien van enige verdere of ander inligting wat hy nodig mag ag vir 'n regverdige beslissing van die appèl.

7. By ontvangs van die Minister se bekendmaking van sy beslissing oor die appèl, moet die Registrateur onmiddellik dié beslissing per geregistreerde pos aan die appellant meedeel.

## DEEL II.

### DOKUMENTE EN BESONDERHEDE WAT VERSTREK MOET WORD WANNEER AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS ARTIKEL VYF GEDOEN WORD.

8. Elke aansoek om registrasie van 'n onderlinge hulpvereniging moet bestaan uit 'n brief wat onderteken is deur die persoon wat asdan aan die hoof staan van die liggaam wat die besigheid van die vereniging bestuur, of namens die werkgewer wat aan die vereniging deelneem, waarin—

- (i) hy aansoek doen om registrasie van die vereniging;
- (ii) die volle naam van die vereniging aangegee word;
- (iii) die volle adres van die geregistreerde kantoor van die vereniging (wat nie net 'n posbusnommer moet wees nie) verstrekkend word;
- (iv) die volle naam en adres van die persoon verstrekkend word wat asdan die vereniging bestuur of wat by registrasie van die vereniging die vereniging sal bestuur of wat asdan aan die hoof staan van die liggaam wat die vereniging bestuur;
- (v) die naam en adres van die ouditeur van die vereniging aangetoon word indien die vereniging 'n ouditeur het

en moet vergesel gaan van—

- (a) twee afskrifte van die statute van die vereniging behoorlik gesertifiseer deur die applikant, soos in regulasie 17 verduidelik, as synde die statute wat van krag sal word op die datum van registrasie van die vereniging of die datum waarop die vereniging in werking tree, naamlik die laaste van die twee datums;

(b) if such person is an association of persons, by the individual who is for the time being at the head of the board of directors or other committee controlling such association.

2. Upon receipt of the notice of appeal mentioned in regulation 1 the Registrar shall prepare a statement of the reasons for his decision. The Registrar shall despatch a copy of the statement to the appellant by registered post, and require the appellant to declare in writing within 30 days of the despatch of the statement, or within such further period as the Registrar may, upon application before the expiry of the said 30 days, approve, whether he proposes to continue with his appeal or not.

3. If the appellant declares that he does not propose to continue with his appeal or if he does not furnish the Registrar with a reply within the period prescribed in regulation 2, the appeal shall lapse.

4. If the appellant declares, within the period prescribed in regulation 2, his intention to continue with his appeal, he shall together with his declaration lodge with the Registrar a reply to the statement mentioned in regulation 2.

5. Upon receipt of the appellant's declaration and reply the Registrar shall as soon as may be transmit to the Minister—

- (a) the notice of appeal mentioned in regulation 1;
- (b) the statement prepared by him and mentioned in regulation 2;
- (c) the declaration and reply mentioned in regulation 4; and
- (d) all other relevant documents.

6. The Minister may require the appellant or the Registrar to furnish him in writing with any further or other information which he may consider necessary for a just decision on the appeal.

7. Upon receipt of the Minister's notification of his decision on the appeal the Registrar shall immediately communicate that decision to the appellant by registered post.

## PART II.

### DOCUMENTS AND PARTICULARS TO BE FURNISHED WHEN APPLYING FOR REGISTRATION UNDER SECTION FIVE.

8. Every application for registration of a friendly society shall consist of a letter signed by the person for the time being at the head of the body managing the business of the society or on behalf of the employer participating in the society, in which—

- (i) he applies for registration of the society;
- (ii) is reflected the full title of the society;
- (iii) is given the full address (which must not only be a post office box number) of the registered office of the society;
- (iv) is given the full name and address of the person for the time being, or who will upon registration of the society be managing the society or for the time being at the head of the body managing the society;
- (v) is given the name and address of the auditor of the society if the society has an auditor,

and shall be accompanied by—

- (a) two copies of the rules of the society duly certified, as explained in regulation 17, by the applicant as being the rules which will become effective on the date of registration of the society or from the date of commencement of the society whichever is the later;

(b) (i) in die geval van 'n vereniging wat van voorneme is om enige soort besigheid te dryf wat aan aktuariële ondersoek onderworpe is, 'n sertifikaat deur 'n waardeerder, waarin sy naam, adres, professionele kwalifikasies en ondervinding aangedui is, dat die statute van die vereniging op gesonde geldelike beginsels gebaseer is;

(ii) in die geval van enige ander vereniging, 'n verklaring waarin uiteengesit word dié inligting aangaande die gesondheid van die statute uit 'n geldelike oogpunt waaroor die applikant mag beskik;

(c) behalwe waar die vereniging 'n vereniging van persone is, die naam en adres van die deelnemende werkgewer, of as daar meer as een werkgewer is, 'n lys van die name en adresse van al die betrokke werkgewers;

(d) waar 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, 'n koöperatiewe vereniging of ander regspersoon tot die vereniging sal bydra, twee afskrifte van 'n dokument (byvoorbeeld 'n uittreksel uit die statute of 'n afskrif van die direkteure se besluit, ens.) om die magtiging waarkragtens die maatskappy, koöperatiewe vereniging of ander regspersoon aan die vereniging sal deelneem, aan te dui. Indien geen sodanige magtiging bestaan nie moet die feit duidelik vermeld word; en

(e) die voorgeskrewe registrasiegeld van R2 wat in kontant of per tjek of poswissel, ens., maar *nie* by wyse van inkomste- of posseëls nie, betaal moet word.

9. 'n Aansoek om registrasie van 'n vereniging wat uitsluitlik sake sal doen by wyse van versekeringspolis uitgereik deur 'n persoon wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die betekenis van die Versekeringswet, 1943, dryf, moet bestaan uit 'n brief soos aangedui in regulasie 8 en vergesel gaan van—

(a) al die dokumente en besonderhede in paragrawe (a), (d) en (e) van regulasie 8 uiteengesit;

(b) 'n sertifikaat deur die betrokke versekeraar dat—

(i) 'n versekeringspolis ooreenkomstig die statute van die vereniging by hom in stand gehou sal word; en

(ii) die statute deur die applikant ingedien, dié is wat by registrasie van die vereniging van krag sal wees;

(c) 'n gesertifiseerde afskrif van die versekeringskontrak wat aangegaan sal word tussen die vereniging en die betrokke versekeraar; en

(d) 'n sertifikaat deur die betrokke applikant dat—

(i) die vereniging nie aan sy lede voordele sal bied wat nie deur die versekeringspolis in (c) vermeld gedek is nie; en

(ii) die vereniging geen bates of beleggings sal hou nie en geen geld sal hanteer nie afgesien van die invordering van bydraes en die betaling van voordele namens die betrokke versekeraar, en geld nodig vir administrasiedoeleindes;

en kan vergesel gaan van 'n aansoek om voorwaardelike vrystelling van die bepalinge van die Wet.

10. 'n Aansoek om registrasie van 'n vereniging wat aanspraak maak op vrystelling kragtens artikel drie (2) (c) van die Wet, moet bestaan uit 'n brief soos aangedui in regulasie 8 en vergesel gaan van—

(a) al die dokumente en besonderhede in regulasie 8 uiteengesit; en

(b) 'n memorandum waarin duidelik uiteengesit word die mate van beheer wat deur die betrokke staatsdepartement oor die vereniging uitgeoefen sal word.

(b) (i) in the case of a society which intends carrying on any kind of business which is subject to actuarial scrutiny a certificate by a valuator, stating his name, address, professional qualifications and experience, to the effect that the rules of the society are based on sound financial principles;

(ii) in the case of any other society, a statement setting forth such information regarding the financial soundness of the rules as the applicant may possess;

(c) except where the society is an association of persons, the name and address of the participating employer, or if there are more than one employer a list of the names and addresses of all the employers concerned;

(d) where a limited liability company, a co-operative society or other corporate body will contribute to the society, two copies of a document (for example, an extract from the articles of association or a copy of the directors' resolution, etc.), to indicate the authority in terms of which the company, co-operative society or other corporate body will participate in the society. If no such authority exists the fact must be clearly stated; and

(e) the prescribed registration fee of R2 which must be paid in cash or by cheque, postal order, etc., but *not* by means of revenue or postage stamps.

9. An application for registration of a society which will operate exclusively by means of policies of insurance, issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943, shall consist of a letter as indicated in regulation 8 and shall be accompanied by—

(a) all the documents and particulars set out in paragraphs (a), (d) and (e) of regulation 8;

(b) a certificate by the insurer concerned to the effect that—

(i) an insurance policy will be maintained with it in terms of the rules of the society; and

(ii) the rules submitted by the applicant are those which will apply upon registration of the society;

(c) a certified copy of the insurance contract to be entered into between the society and the insurer concerned; and

(d) a certificate by the applicant concerned to the effect that—

(i) the society will not provide its members with any benefits not covered by the insurance policy referred to in (c); and

(ii) the society will not hold any assets or investments and will not handle any money apart from the collection of contributions and the payment of benefits on behalf of the insurer concerned and money required for administration purposes;

and may be accompanied by an application for conditional exemption from the provisions of the Act.

10. An application for registration of a society which claims exemption under section three (2) (c) of the Act shall consist of a letter as indicated in regulation 8 and shall be accompanied by—

(a) all the documents and particulars set out in regulation 8; and

(b) a memorandum in which is clearly set out the measure of control which will be exercised over the society by the department of the State concerned.

## DEEL III.

FINANSIËLE STATE, VERSLAE EN STATISTIEKE  
WAT DEUR GEREGISTREERDE VERENIGINGS  
VERSTREK MOET WORD.*Alle Verenigings.*

11. Elke geregistreerde vereniging moet voor of op die 30ste dag van Junie van elke jaar, by die Registrateur saam met 'n begeleidende brief wat deur die hoofbeampte onderteken is, twee kopieë indien van elk van die volgende:—

- (a) State A tot K, in die Eerste Bylae van hierdie regulasies vervat, opgestel ten opsigte van die boekjaar wat op die onmiddellik voorafgaande 31 Desember geëindig het;
- (b) enige spesiale verslag deur die ouditeur met betrekking tot enige van die werksaamhede van die vereniging gedurende die boekjaar waarop die inkomsterekening en balansstaat betrekking het;
- (c) enige ander staat wat die vereniging aan sy lede of aandeelhouders voorgelê het ten opsigte van enige van sy werksaamhede gedurende genoemde boekjaar;
- (d) enige jaarverslag wat die vereniging aan sy lede of aandeelhouders voorgelê het of ten opsigte van genoemde boekjaar; en
- (e) behalwe waar die vereniging 'n vereniging van persone is, 'n staat wat die naam of name en adres of adresse van die deelnemende werkgewer of werkgewers soos op die onmiddellik voorafgaande 31 Desember aantoon.

12. Indien geen verslag of staat, wat in paragraaf (b), (c) of (d) van regulasie 11 genoem word, uitgebring of voorgelê is nie, soos in die betrokke paragraaf bepaal, moet dié feit spesifiek in die begeleidende brief genoem word.

13. Die naam van die vereniging en die boekjaar waarop die dokumente betrekking het, moet op elke vel papier wat ingevolge regulasie 11 ingedien word, aangegee word.

14. Elke dokument in regulasie 11 genoem, moet behoorlik onderteken word soos in regulasies 18 en 19 verduidelik.

VERENIGINGS ONDERWORPE AAN AKTUARIËLE  
ONDERSOEK.

15. Benewens die dokumente in regulasie 11 vermeld, moet elke geregistreerde vereniging wat 'n soort besigheid dryf wat aan aktuariële ondersoek onderworpe is, binne twaalf maande na die jaareinde waarop die waardasie betrekking het, 'n afskrif van elke waardasieverslag ten opsigte van elke waardasie wat ooreenkomstig artikel drie-en-twintig van die Wet gemaak is en behoorlik deur die waardeerder gesertifiseer is, by die Registrateur indien. Die verslag moet vergesel gaan van 'n sertifikaat deur die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur en deur die hoofbeampte dat na hulle beste wete en oortuiging die inligting vir die doeleindes van die waardasie aan die waardeerder verstrek en in elke wesentlike opsig juis en volledig was.

16. Waar 'n vereniging 'n soort besigheid dryf wat aan aktuariële ondersoek onderworpe is en ook besigheid dryf wat nie daaraan onderworpe is nie, moet die vereniging afsonderlike rekenings hou ten opsigte van die besigheid wat aldus aan aktuariële ondersoek onderworpe is. Die vereniging moet sy bates verdeel tussen die besigheid wat aan aktuariële ondersoek onderworpe is en die ander besigheid, en die bates aldus aan een tipe besigheid toegewys, mag nie sonder die voorafgaande goedkeuring van die Registrateur vir die doeleindes van die ander tipe besigheid gebruik word nie of aan die ander tipe besigheid oorgedra word nie. Die inkomsterekening en balansstaat wat deur sodanige vereniging ingevolge regulasie 11 ingedien

## PART III.

FINANCIAL STATEMENTS, REPORTS AND  
STATISTICS TO BE FURNISHED BY REGIS-  
TERED SOCIETIES.*All Societies.*

11. Every registered society shall not later than the 30th day of June of every year submit to the Registrar under cover of a letter signed by the principal officer, two copies of each of the following:—

- (a) Statements A to K, contained in the First Schedule to these regulations, completed in respect of the financial year which ended on the 31st December immediately preceding;
- (b) any special report by the auditor relating to any of the activities of the society during the financial year to which the revenue account and balance sheet relate;
- (c) any other statement the society may have presented to its members or shareholders in respect of any of its activities during the said financial year;
- (d) any annual report the society may have presented to its members or shareholders in respect of the said financial year; and
- (e) except where the society is an association of persons, a statement reflecting the name or names and address or addresses of the participating employer or employers as at the immediately preceding 31st December.

12. If no report or statement referred to in paragraph (b), (c) or (d) of regulation 11 was made or presented as provided in the applicable paragraph, that fact shall be mentioned specifically in the covering letter.

13. The name of the society and the financial year to which the documents relate shall be stated on each sheet of paper submitted under regulation 11.

14. Every document referred to in regulation 11 shall be duly signed as explained in regulations 18 and 19.

## SOCIETIES SUBJECT TO ACTUARIAL SCRUTINY.

15. In addition to the documents referred to in regulation 11, every registered society which carries on any kind of business which is subject to actuarial scrutiny, shall lodge with the Registrar a copy of the valuation report in respect of every valuation carried out in terms of section twenty-three of the Act, duly certified by the valuator, within twelve months from the year-end to which the valuation relates. The report is to be accompanied by a certificate by the person managing the business of the society and by the principal officer that to the best of their knowledge and belief the information furnished to the valuator for the purposes of the valuation was correct and complete in every material respect.

16. Where a society carries on any kind of business which is subject to actuarial scrutiny and also carries on business which is not so subject, the society shall keep separate accounts in respect of the business which is so subject to actuarial scrutiny. The society shall apportion its assets between the business which is subject to actuarial scrutiny and the other business and the assets thus allocated to one type of business shall not be used for the purposes of or be transferred to the other type of business without the prior approval of the Registrar. The revenue account and balance sheet to be submitted by such society in terms of regulation 11, shall be in the forms prescribed

moet word, moet onderskeidelik in die vorm wees van State B en C in die Eerste Bylae hiervan, maar aangepas deur die invoering van bykomende kolomme en die invoeging van die kolomopskrifte „besigheid onderworpe aan aktuariële ondersoek” en „ander besigheid” ten einde die syfers ten opsigte van die twee soorte besigheid afsonderlik te toon.

---

DEEL IV.

---

ONDERTEKENING VAN DOKUMENTE.

17. *Statute*.—Beide afskrifte van die statute van die vereniging wat die aansoek om registrasie vergesel, moet op die eerste bladsy of, indien die statute in die vorm van 'n boekie is, op die omslag daarvan soos volg gesertifiseer wees:—

„Gesertifiseer dat hierdie statute die statute van die.....Vereniging is wat op die datum van registrasie van die vereniging van krag sal wees.”

As die applikant die liggaam is wat die besigheid van die vereniging bestuur, moet die sertifikaat deur die persoon wat asdan aan die hoof van sodanige liggaam staan en een ander lid daarvan onderteken word. As die aansoek namens die deelnemende werkgewer gedoen word, moet die hoedanigheid waarin die applikant die dokument onderteken het, byvoorbeeld as sekretaris van die maatskappy, duidelik op die sertifikaat aangetoon word.

18. *Jaarrekening en state*.—Vir die toepassing van artikel *ses-en-twintig* van die Wet word die state voorgeskryf in regulasie 11 as een dokument beskou en moet hulle van die volgende sertifikaat vergesel gaan:—

„Gesertifiseer dat na ons beste wete die aangehegte rekening en state ten opsigte van die..... Vereniging vir die jaar geëindig 31 Desember 19....., waar en korrek is.”

Die sertifikaat moet onderteken wees soos in regulasie 19 verduidelik.

19. *Ander dokumente*.—Enige ander dokument as dié wat in regulasie 17 en 18 genoem word, moet op die eerste bladsy daarvan onderteken word, soos in artikel *ses-en-twintig* van die Wet bepaal, naamlik—

- (a) waar die vereniging deur 'n individu bestuur word, deur—
- (i) daardie individu; en
  - (ii) die hoofbeampte;
- (b) waar die vereniging deur 'n komitee of trustee bestuur word, deur—
- (i) die persoon asdan aan die hoof van sodanige komitee of trustees;
  - (ii) een ander lid van die komitee of 'n trustee; en
  - (iii) die hoofbeampte.

In die geval van (a) moet daar twee handtekeninge van verskillende individue wees. In die geval van (b) moet daar drie handtekeninge wees, maar aangesien die hoofbeampte 'n lid van die komitee of 'n trustee mag wees, is dit moontlik dat sy handtekening twee van die drie handtekeninge kan wees, dit wil sê minstens twee verskillende individue moet die dokument onderteken.

---

DEEL V.

---

AUDITEURE.

---

20. Binne 30 dae na registrasie van die vereniging moet die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur, die Registrateur skriftelik in kennis stel van die naam en adres van die ouditeur van die vereniging, wat ooreenkomstig die bepalings van artikel *elf* van die Wet aangeel is.

in Statements B and C, respectively, in the First Schedule hereto, but modified by the introduction of additional columns and the insertion of the columnar headings “business subject to actuarial scrutiny” and “other business”, so as to show the figures in respect of the two types of business separately.

---

PART IV.

---

SIGNING OF DOCUMENTS.

17. *Rules*.—Both copies of the rules of the society which accompany the application for registration must be certified as follows on the first page or on the cover if the rules are in the form of a booklet:—

“Certified that these are the rules of the.....

.....Society which will be effective on the date of registration of the society.”

If the applicant is the body managing the business of the society the certificate must be signed by the person for the time being at the head of such body and by one other member thereof. If the application is made on behalf of the participating employer the certificate must clearly indicate the capacity in which the applicant signed the document, e.g., as secretary of the company.

18. *Annual Accounts and Statements*.—For the purposes of section *twenty-six* of the Act the statements prescribed in regulation 11 will be regarded as one document and must be accompanied by the following certificate:—

“Certified that to the best of our knowledge the attached accounts and statements in respect of the..... Society for the year ended 31st December, 19..... are true and correct.”

The certificate must be signed as explained in regulation 19.

19. *Other Documents*.—Any document other than those referred to in regulations 17 and 18 must be signed on the first page thereof as prescribed in section *twenty-six* of the Act, namely—

- (a) where the society is managed by one individual, by—
- (i) such individual; and
  - (ii) the principal officer;
- (b) where the society is managed by a committee or trustees, by—
- (i) the person for the time being at the head of such committee or trustees;
  - (ii) one other member of the committee or a trustee; and
  - (iii) the principal officer.

In the case of (a) there must be two signatures by different individuals. In the case of (b) there must be three signatures but as the principal officer may be a member of the committee or a trustee it is possible that his signature may comprise two of the three signatures, i.e., at least two different individuals must sign the document.

---

PART V.

---

AUDITORS.

---

20. Within 30 days of the registration of the society the person managing the business of the society shall notify the Registrar in writing of the name and address of the auditor of the society appointed in accordance with the provisions of section *eleven* of the Act.

21. Wanneer 'n geregistreerde vereniging 'n nuwe ouditeur aangestel het, moet die hoofbeampte binne 30 dae na die datum van sodanige aanstelling, skriftelik kennis daarvan aan die Registrateur gee en dié kennisgewing moet die naam en adres van die ouditeur vermeld en 'n verklaring bevat dat sodanige aanstelling ooreenkomstig die bepalings van die statute van die vereniging gedoen is.

22. Waar die ouditeur van die vereniging nie die verslag in die vorm vervat in Staat C sonder kwalifikasie kan onderteken nie moet die verslag in sodanige vorm as wat hy goeë dink wees, met dien verstande dat dit oor die sake genoem in die voorgeskrewe verslag handel en die redes waarom hy nie die verslag sonder kwalifikasie kan onderteken nie, insluit.

---

## DEEL VI.

---

### HOOFBEAMPTE.

23. Binne 30 dae na registrasie van die vereniging moet die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur die Registrateur skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon wat ooreenkomstig die bepalings van artikel *tien* van die Wet as hoofbeampte van die vereniging aangestel is.

24. Indien die hoofbeampte uit die Republiek afwesig is of sy amp neerlê of om die een of ander rede nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, moet die vereniging 'n ander persoon as sy hoofbeampte aanstel en moet die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur die Registrateur binne 30 dae na sodanige aanstelling skriftelik daarvan in kennis stel.

---

## DEEL VII.

---

### ALGEMEEN.

25. Geen geregistreerde vereniging mag sy geregistreerde adres verander nie, tensy die prosedure in sy statute voorgeskryf vir die wysiging van die statuut wat op die geregistreerde adres betrekking het, gevolg is en die wysiging van die statuut deur die Registrateur geregistreer is.

26. (a) Binne een maand na die datum waarop 'n besluit geneem is vir die verandering of herroeping van 'n statuut of vir die aanneming van 'n addisionele statuut, moet die hoofbeampte van die betrokke vereniging die volgende aan die Registrateur voorlê—

- (i) vier afskrifte van die besluit wat geneem is, tesame met 'n sertifikaat, onderteken soos in regulasie 19 verduidelik, dat die besluit ooreenkomstig die bepalings van die statute van die vereniging geneem is;
- (ii) waar die vereniging 'n soort besigheid dryf wat aan aktuariële ondersoek onderworpe is, en indien die verandering, herroeping of byvoeging van 'n statuut die geldelike toestand van die vereniging raak, 'n sertifikaat deur 'n waardeerder aangaande die gesondheid uit 'n geldelike oogpunt van die verandering, herroeping of byvoeging;
- (iii) indien die besigheid van die vereniging nie aan aktuariële ondersoek onderworpe is nie en indien die verandering, herroeping of byvoeging van 'n statuut die geldelike toestand van die vereniging raak, 'n uiteensetting waarin die inligting waaroor die vereniging beskik aangaande die gesondheid uit 'n geldelike oogpunt van die veranderde, herroepde of bygevoegde statuut verstrekkend word; en
- (iv) 'n uiteensetting waarin die noodsaaklikheid van die verandering of herroeping van of byvoeging by die statute verduidelik word.

(b) Geen verandering of herroeping van of byvoeging by die statute is geldig voordat dit deur die Registrateur ingevolge artikel *veertien* (4) van die Wet geregistreer is nie, en sodanige verandering, herroeping of byvoeging word van krag af vanaf die datum deur die betrokke vereniging bepaal, of, indien geen datum aldus bepaal is nie, vanaf die datum van registrasie daarvan.

21. Whenever a registered society has appointed a new auditor, the principal officer shall within 30 days as from the date of such appointment give notice thereof, in writing, to the Registrar, which notice shall state the name and address of the auditor and shall contain a statement to the effect that such appointment was made in accordance with the provisions of the rules of the society.

22. Where the auditor of the society is unable to sign the report in the form set out in Statement C, without qualification, the report shall be in such form as he may wish, provided that it shall deal with the matters referred to in the prescribed report and shall include his reasons for being unable to sign the report without qualification.

---

## PART VI.

---

### PRINCIPAL OFFICER.

23. Within 30 days of the registration of the society the person managing the business of the society shall notify the Registrar, in writing, of the name of the person appointed as principal officer of the society in accordance with the provisions of section *ten* of the Act.

24. If the principal officer is absent from the Republic or vacates his office or is unable for any reason to discharge his duties, the society shall appoint another person as its principal officer and the person managing the business of the society shall within 30 days as from such appointment give notice thereof, in writing, to the Registrar.

---

## PART VII.

---

### GENERAL.

25. No registered society shall change its registered address unless the procedure prescribed in its rules for the amendment of the rule pertaining to the registered address has been followed and the amendment of the rule has been registered by the Registrar.

26. (a) Within one month from the date of the passing of a resolution for the alteration or rescission of any rule or for the adoption of any additional rule the principal officer of the society concerned shall submit to the Registrar—

- (i) *four copies* of the resolution adopted, together with a certificate signed as explained in regulation 19 to the effect that the resolution has been adopted in accordance with the provisions of the rules of the society;
- (ii) if the society carries on any kind of business which is subject to actuarial scrutiny, and if the alteration or rescission or addition of any rule affects the financial condition of the society a certificate by a valuator as to the financial soundness of the alteration, rescission or addition;
- (iii) if the business of the society is not subject to actuarial scrutiny and if the alteration or rescission or addition of any rule affects the financial condition of the society, a statement giving such information regarding the financial soundness of the altered, rescinded or added rule as the society may possess; and
- (iv) a statement explaining the necessity for the alteration or rescission of or addition to the rules.

(b) No alteration or rescission of or addition to the rules shall be valid before registration by the Registrar in terms of section *fourteen* (4) of the Act, and such alteration, rescission or addition shall take effect either from the date determined by the society concerned, or if no such date has been so determined, as from the date of the registration thereof.

27. Teen betaling van die gelde voorgeskryf in die Tweede Bylae hiervan kan enige persoon enige dokument in dié Bylae genoem, op die kantoor van die Registrateur ter insae kry of 'n afskrif daarvan of 'n uittreksel daaruit maak tussen die ure 9 vm. en 12 middag en 2 nm. en 3.30 nm. op Maandae tot Vrydae, of van die Registrateur 'n afskrif van of 'n uittreksel uit enige sodanige dokument verkry. Bedrae wat ingevolge hierdie regulasie betaalbaar is, moet by wyse van inkomsteseëls betaal word.

28. 'n Persoon wat versuim het om 'n opgawe te verstrek of 'n skema, verslag, rekening, staat of ander dokument te verstrek of in te dien binne die tydperk voorgeskryf in die Wet, of binne 'n verlengde tydperk deur die Registrateur kragtens artikel vier-en-veertig (1) van die Wet toegelaat, kan daarna, sonder dat daardeur aan die bepalings van artikel agt-en-veertig (1) van die Wet afbreuk gedoen word, sodanige opgawe verstrek of sodanige skema, verslag, rekening, staat of ander dokument verstrek of indien, onderworpe aan die betaling van 'n boete van R10 vir elke dag wat hy aldus versuim het of sodanige verminderde bedrag as wat die Registrateur na goeddukke mag bepaal.

27. On payment of the fees prescribed in the Second Schedule hereto any person may, between the hours of 9 a.m. and 12 noon and 2 p.m. and 3.30 p.m. on Mondays to Fridays inspect at the office of the Registrar, or may make a copy of or take an extract from, any document mentioned in the said Schedule or may obtain from the Registrar a copy of or an extract from any such document. Amounts payable in terms of this regulation shall be paid by way of revenue stamps.

